**Koor**:

Die koor/sanggroep begin weer . oefen met die oog op die Kerssangdiens einde November. Ons sal graag nog stemme wil bykry – veral mansstemme. Oefening elke Sondag om 17:15 in die konsistorie. Kom sing saam tot eer van die Here. Kontak persoon: Tarina van der Merwe

## Sustershoekie:

Aandag alle susters! Na 'n lang rustyd het die susters weer 'n bestuur bymekaar gekry en vind ons eerste aksie reeds die 28 Augustus 2010 plaas. Dit sal die vorm aanneem van 'n oggendtee met mode en sang! Hou die hoekie dop vir verdere besonderhede. Merk solank die datum in jou dagboek sodat jy dit nie misloop nie!

## KLEINGROEPE

Die kleingroepe begin eersdaags met 'n volgende kursus wat ongeveer 2 maande gaan duur, hierdie keer in die vorm van 'n video-kursus. Die kursus het 'n tweeledige doel: (1) In die lig van die uitkomste van die gemeente se strategiese proses, wat onder leiding van br Deon Grobler gevolg word, het die noodsaak geblyk dat die kleingroepe verder betrokke en behulpsaam kan wees dmv deelname aan, en insette tot die strategiese proses, maar (2) benewens die bydrae wat kleingroepe kan lewer tot die strategiese proses, is ons oortuig dat hierdie nuwe kursus ook steeds verdere geloofsgroei by elkeen wat betrokke is, sal bewerk. Alle kleingroepleiers word versoek om volgende Sondag, 22 Augustus, na die diens in die klein konferensiekamer in die kerkhuis bymekaar te kom vir 'n inleidende gesprek, en om dan in die daaropvolgende week julle groep weer … bymekaar te kry vir 'n eerste ontmoeting in die nuwe reeks.

## Polsslag inligting

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. na polsslag@gkbenoni.co.za gestuur word. Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063.

**BANKBESONDERHEDE VIR . BYDRAES**

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

***Gereformeerde Kerk Benoni***
***Absa Bank***
***Tjek nr. 220 340 333***

**KOEVERT KERKBYDRAES en Bank en Internet betalings**
**Skryf naam of regte voorletters neer soos ons jou op kerkregister het As 'n Pa en seun dieselfde name het teken net aan van wie die bydrae kom Snr. of Jnr.**
**Ons het regtig baie dieselfde Vanne in die gemeente en ouers en kinders met dieselfde name**
**Sit ASSEBLIEF jou REGTE VOORLETTERS neer soos wat ons jou op die KERKREGISTER het , en wyk nr. of ouderling se naam Die MAN se naam is voldoende want die bydrae word by die huisgesin geplaas.**
**Ons wil graag die regte bydrae by die regte gesin plaas**

**Kollekte:**

In die banke **Diens v Barmhartigheid** by die deure vir **Kerkkas** en volgende week **Ekumenisiteit-Buiteland**
Verlede week se kollekte was
**DVB. R 3670**
**Jeugsorg R 1550**



## Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

15 Aug DONSIE KRÜGER . 0846272393
15 Aug VINCENT VAN DYK . 011 816 1229
18 Aug MARINDA VAN DER MERWE . .. 0845065882
18 Aug YVONNE VAN ZYL . 0832187234
*18 Aug ORG VORSTER 0827058082
20 Aug LION DU PLESSIS . 0848114270
21 Aug ADRI COETZEE 0834556992
21 Aug PIETER DU PLESSIS . 0825323423
21 Aug JOY PEYPER 0849990310
21 Aug JOHAN PRETORIUS . 0832718281

## Lief en Leed.

Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.

**Ben Steyn** is ernstig siek met degeneratiewe spier-/senuweesiekte waaraan hy ly.
**Ben en Marthie Kruger** se kleindogter (Francia-Marié) is gediagnoseer met Hodgekinson-kanker ('n vorm van klierkanker) en sy sal binnekort met chemoterapie moet begin.
**Ds Peet Duvenage** ondergaan eerskomende Maandag 'n groot operasie aan sy nek (in Unitas).
**Sr. Mary-Ann Billing** gaan hierdie week vir haar tweede oogoprasie.
**Sr Martie Vermeulen** is met borskanker gediagnoseer, en word Dinsdag geopereer, haar seun is ook onlangs oorlede, ons bid haar troos en genade toe

**VISITASIE**:

Ons gemeente ontvang visitasie op Woensdag 8 September om 19:00 . waartydens die visitatore die kerkraad ontmoet.

**Met attes vertrek** na Vereniging'95 **Evert en Elize Jonker** Na Durban Noord **Mariska Ysel**
Vertrek met bewys van lidmaatskap na die NGKerk Maritzanne **Anchen Rost**
**Charlotte en Andre v.d. Walt** het gemeenskap opgesê met die Gereformeerde Kerk

## Op die Program:

**Maandag**: Truth Project 19:00
Bybelstudie Rynpark 5, 9:30
**Dinsdag**: Bybelstudie 6:30 en 7:30
**Woensdag**: Palms 10:00 in die . Konsistorie. Dr Sarel tree op.
20-Something 19:00
**Donderdag**: Gebedsgroep 19:30
**Vrydag**: Bybelstudie 9:00

## Bybelvasvra – Soek die vers

Verlede Sondag ( 8 Augustus 2010) se antwoord:
Numeri 14:6 "Ook het **Josua** seun van Nun, en **Kaleb** seun van Jefunne, manne wat saam die land verken het, hulle klere geskeur,"
Ook Num 13:30 & 14:30 & 14:38
Die volgende lesers het gesoek & gevind:

Elma Jansen – (2)
Ruan Steyn – (2)
Fanie Gouws
Dorene & Jaap Smit (4)
Andre Bakker

Josua se naam was oorspronklik Hosea, Moses het hom die naam Josua gegee. (Num 13:16)

**SANGAAND**

Wyk 16 (Actonville) bedank almal wat meegehelp help om sangaand 'n sukses te maak

| Notas | Notas | Notas |
|---|---|---|
| **Oggenddiens 9:00**<br><br>**Skriflesing**:<br>Sam 21: 11 – 22: 5<br>**Teks**:<br>1 Sam 21: 12<br>**Tema**:<br>Is jy ook soms bang? | **Eietydsediens 17:00**<br><br>**Skriflesing:**<br>**Teks**:<br>**Tema**: | **Aanddiens 18:30**<br><br>**Skriflesing**:<br>2 Petrus 1:1-15<br>**Fokus:**<br>2 Petrus 1:12-13<br>**Tema**:<br>Nogmaals 'n herinnering |

**Bybelvasvra Sê wie? – Die Bybel sê ........**

**Bybelvasvra – Soek die vers**

"Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur **???? & ??????? oes.**

Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees van die ewige lewe oes"

Wat is die twee dinge wat iemand sal oes wat op die akker van sy sondige natuur saai?

Lees gerus die boek Galasiers en SMS jou Naam & Van en die name van die twee dinge

en waar hierdie vers staan na **0828733173 as jy die antwoord gevind het.**



# DOPPERJEUG

Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar

**<u>Direk na die diens vier ons ons gemeente se 1-jarige bestaan met verversings saam met tee/koffie. Om 12:00 begin ons gemeente-ete.</u>**


# POLSSLAG

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

**15 Augustus 2010**


**Welkom:**

**Hartlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)**

**Dienstye:**

**Oggenddiens: 09:00**
**Eietydsediens: 17:00**
**Aanddiens: 18:30**

**Diensbeurte:**

**Hierdie week: wyke 31,32,33,34**
**Volgende week: wyke 1,2,3,4**

**Nagmaal**:

Vandag vier ons die sakramant van die Heilige Nagmaal.

Die kerkraad het op sy vergadering van 28 Julie besluite geneem oor die wyse van die viering van die nagmaal. Daar was in die verlede verskeie maniere van viering ondersoek en uitprobeer, en die kerkraad wil graag op een metode besluit, sodat lidmate kan gewoond raak aan 'n spesifieke manier van bediening, sodat daar nie 'n gevoel van onsekerheid sal wees by lidmate wanneer dit kom by die gebruik van nagmaal nie. Dit moet ook binne die riglyne van die Bybel en kerkverband gevier word, wat sekere simboliese handelinge sowel as ordelikheid insluit.

Die kerkraad het besluit:

Op die verhoog word 'n tafel gedek, soos ons ken, waar die nagmaal, wat die wyn betref, bedien word in beide die beker en die kelkies. Lidmate wat graag wil <u>aansit</u> aan 'n tafel/<u>beker</u> wil gebruik, moet dus asseblief by die tafel kom aansit. AS dit nodig is, sal meer as een tafel bedien word.

Daar word <u>in al die banke</u> ook nagmaal bedien – maar NET MET KELKIES wat die wyn betref. Die kelkies sal in die rye aangestuur word by die bediening van die wyn, en daar sal voorsiening gemaak word vir die bêre van die leë kelkies na die tyd.

Lidmate word herinner dat ons nie 'n "oop" nagmaalbediening het nie, dus, net belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie en lidmate van ander kerke wat aansoek gedoen het en toestemming gekry het, is geregtig op die gebruik van die nagmaal.

AS daar enige onduidelikheid is, kontak asseblief oudl Harry Salomons of die ander lede van die kommissie wat die ondersoek gedoen het. Die kommissie moet na die nagmaal nog 'n laaste keer verslag doen oor die effektiwiteit van die stelsel.


Gereformeerde Kerk Benoni

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za